NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
alkmaar
'n Gemeente wat omgee

Bulletin
Junie - Julie 2023
Vakansie

MOENIE DAT OUDERDOM JOU OOIT ONKANT BETRAP NIE

Spreuke 16:31 sê grys hare is soos 'n kosbare kroon vir mense, wat weet hoe om reg te leef. Party mense word egter meer omgesukkeld namate hulle ouer word. Hulle sê wat hulle wil net wanneer hulle wil. Hulle kritiseer alles en almal van vroeg tot laat. Sulke bitterheid daag nie oornag op nie. Dit kom 'n lang pad. Kwaai jongmanne verander algaande in knorrige ou ooms. Moeilike dames ontaard later in selfgesentreerde tannies.

Goddank, die meeste gelowiges word wyser met die jare. Hulle geloof word dieper. Daar kom 'n groter rustigheid in hulle lewe, wat aansteeklik is. Ek dink hier aan 'n paar ouer vriende in my eie lewe, wat suksesvolle lewens agter die rug het, maar dit het nooit hulle identiteit geword nie. Hulle suksesse van gister en eergister is goeie herinneringe, maar hulle het nie nodig om almal gedurig te herinner wie en wat hulle was of wat hulle alles bereik het nie. Ek leer by hulle dat die lewe op die ou end gaan oor 'n diep vrede oor wie jy in die Here is. Oor jou daar wees vir jou familie en vriende. Jaag sulke roetes betyds na. Soek die Here se wysheid gedurig op. Dan betrap die ouderdom jou nooit onkant nie.

Stephan Joubert (www.ekerk.org)

SONDAG 25 JUNIE

ᘓErediens: Alk: 09h00

DEUROFFERS IN JUNIE: Omgeefonds

Die Sorgdiensgroep sien om na lidmate in ons gemeente en enige donasies sal waardeer word. Bydraes kan by die deure in kissies, gemerk "Omgeefonds (Barmhartigheid)" gegee word, of 'n elektroniese betaling kan gedoen word. Daar is ook 'n trollie by die inligtingshoek vir blikkieskos en nie-bederfbare produkte. Navrae: Janine Delport

SONDAG 2 JULIE

ᘓErediens: Alk: 09h00

SONDAG 9 JULIE

ᘓErediens: Alk: 09h00

SONDAG 16 JULIE

ᘓErediens: Alk: 09h00

SONDAG 23 JULIE

ᘓNagmaal: Alk: 09h00, Kinderkerk; Kategese begin
ᘓNagmaal: Ngd: 18h00, Leraar: ds Marius Crouse

DEUROFFERS IN JULIE: HIV/Vigs Fonds

Christen-Vigsburo vir Suidelike Afrika www.cabsa.org.za

FOKUS VIR JULIE: EVANGELISASIE (Samaria/Buurlande - Mosambiek)

Alkmaargemeente ondersteun finansieël maandeliks vir pastoor Castro Ragibo van die Igreja Reformada Em Moçambique. Navrae: ds. Johannes.

Ons Gemeente se Bankbesonderhede:

ABSA - NG Kerk Alkmaar - Tjekrek. 1070580035
Takkode 334-252; Internet-takkode 632005
Verwysing op inbetalings: **DO** vir dankoffers, **10de** vir tiendemaand (Okt), **GO** vir geloofsoffers (sending/evangelisasie) + u **naam**. SnapScan:

Kontak ons gerus:

Leraar: Johannes vd Merwe 074 142 3456; ephesians321@me.com
Kerkkantoor: Gladys Grobler 082 261 0371; ngkerk@alkmaar.co.za
Fasiliteitebeampte/Koster: Alk: Johan Delport 083 785 6117
Uitvoerende beampte: Frank Erasmus 071 549 6741
Koster: Ngd: Madelein Venter 083 607 0728
Sendeling: Koos Kriel 084 500 1082; kooskriel40@gmail.com

Inligting op webblad:

Besoek gerus ons gemeente webwerf: www.alkmaar.co.za vir o.a. die nuutste bulletin, nuusbrief, inligting, kwartaaltema, asook skakels na oordenkings en preke, ens. Kry ons ook op Facebook.

Ngodwana Eredienste & Kategese:

Aanddienste en kategese hervat DV op 23 Julie 2023 na die skoolvakansie.

Vergaderings:

Do.	20 Julie	18h00	Evangelisasie
So.	23 Julie	11h00	Jeug (Alk)
Do.	27 Julie	18h30	Herderleiers & Toerus
So.	30 Julie	11h00	Sorg (Alk); Aanbidding (Alk)

Ringsitting:

23-24 Julie 2023 te Makarios.

Bulletin

Junie - Julie 2023 Vakansie

"Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld." Filippense 2:15

VOORBIDDING

▣ **Kom bid saam:** In die Konsistorie (Alk) Sondae 08h45 en **na die aanddiens** by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

▣ **Gebedskassie by i-hoek:** Plaas gebedsversoeke gerus in die toesluitkassie, persoonlike of ander behoeftes waarvan jy weet. Ds. Johannes hanteer dit persoonlik.

▣ **Gebedsaksie:** Wil jy by die gemeente se Gebedsaksie betrokke raak? Skakel / sms dan asb. vir Marlize Nel (082 465 8921) of vir ds. Johannes (074 142 3456).

▣ **Siekes:** Marie van der Westhuizen, Duncan Sippel, Grietha en Jan Pienaar, Joan Joubert, Yvette Eastes, Pikkie Theron, Mariana Mahoney, Gerda Swart, Madelein Venter, Mari Bosman, Hans Botha, Ruan van Wyk, Freek Esterhuizen (jnr), Sarie en Freek Esterhuizen, Ester van Wyk.

▣ **Ander siekes:** Maria da Silva, Uli Trumpelmann, Pieter Theron se swaer Wynand Basson en suster Wilna, Hanri du Plessis (ma), Oom Doep du Plessis (Kaapsehoop), Antoenette van Vuuren, Nadia Beyleveldt, Magda van der Merwe (pa), Estie Erasmus (suster Rettie), Marlize Nel (ma), Magda Beyleveldt (ma).

TEESKINKGROEP

Indien jy graag wil deel word van die teeskink- en verversingsgroep (Alkmaar) kontak gerus Karien Smuts (072 188 6821) of Magda van der Merwe (079 310 1110). Dames maak beurte om verversings te bring met nagmaalsondae en tee te skink.

SELGEMEENTES/OMGEEGROEPE

Niemand kan op hul eie funksioneer nie, ons het verhoudings met mede-gelowiges nodig. Johannes 13:35 sê dat ons as Christus se dissipels geken sal word as ons mekaar liefhet, en dit is die liefdesbande wat ons in 'n selgroep het wat ons sterk maak in tye van krisis, siekte, trauma, vreugde en liefde.

Dit maak nie saak op watter vlak van volwassenheid jy as kind van God is nie, elkeen kan baat by 'n selgroep en het 'n bydrae om te lewer.

Ons sal graag weer ons lidmate by ons selgroepbediening betrokke wil kry. Skakel Frank Erasmus as jy betrokke wil raak.

NG KOMATI GEMEENSKAPSFEES 29 JULIE

Kom geniet musiek, lekkernye, vermaak, springkastele, stalletjies ens. by NG Komati, 19 Erfstraat, Komatipoort op Saterdag 29 Julie 2023 vanaf 13h00 tot laat, met o.a. Gerhard Steyn, Wicus van der Merwe, Hannes Eloff en Nastassja Pretorius.

BEWYS VAN LIDMAATSKAP ONTVANG

Belydende lidmaat Jacobus Francois Nel vanaf NG Grootvlei.

VERJAARSDAE *Gods rykste seën, baie geluk!*

25e Janél Coetzee RIETF
29e Tommy Griffiths NGD
1e Tristan Cooper BURN, Armand Schrage NST
3e Joe Lawrenson NGD
4e Shaské Pedro NGD, L'marié Rossouw NGD, Elti Steensma NST
6e Dewaldré Scheltema NST, Dennis Smith, Botha, Pieta & Elardus van der Westhuizen ALK
9e Juan du Toit NGD
11e Roeléne Maré NGD, Antoinette Oosthuizen HB-HOEK
13e Anja Alberts NGD, Jenny Fourie NGD
14e Klara-Belle Joubert BRON
15e Olga Pretorius SCHAG
18e Herman le Roux NST
19e Ziané Laubscher RIETF, Duncan Sippel ALK, Marius Slabbert NGD
20e Louhann Cronjé SCHAG, Hester Dormehl HB-LOOP

MANIERE OM OFFERS TE GEE

Baie dankie vir lidmate wat getrou hulle dankoffers gee. U word versoek om seker te maak en veral te kyk na herhalende internetbetalings wat jaarliks hernu moet word. Maandelikse dankoffers kan gedoen word per debietorder; elektroniese oorbetaling; met u selfoon via ons gemeente se snapscan kode - laat weet asb. die kerkkantoor indien u 'n dankoffer betaal, aangesien daar nie op snapscan gespesifiseer kan word nie. Gebruik Snapscan ook Sondae vir eredienskollekte.

FINANSIES/PROJEKTE/FONDSINSAMELINGS

Februarie 2023 word ongelukkig met 'n tekort van R55 234.39 afgesluit en die kerkraad moes vir 2023-2024 weer vir 'n tekort begroot. Jou getroue dankoffer is nodig, so ook enige ander plan wat jy dalk het vir ekstra fondsinsamelingsprojekte, ook op 'n meer gereelde basis, sodat maandelikse verpligtinge en bedryfsuitgawes betaal kan word. LW dat dit nie net gaan oor geld nie, maar dat ons graag ook onder lidmate 'n groter samehorigheid en betrokkenheid wil aanmoedig. Kontak asb. ons gemeente se uitvoerende beampte Frank Erasmus (071 549 6741) wat o.a. hierdie projekte koördineer.

GOD EN GELD 29 JULIE 2023

Bybelse beginsels vir finansiële vryheid seminaar met Wilco Naumann op Saterdag 29 Julie 2023 om 08h30 by NG Kerk Nelspruit. Die voldag seminar R255 sluit in 'n handleiding en middagete. Kaartjies aanlyn beskikbaar by Quicket.

MAKARIOS HUWELIKSEMINAAR

4-6 Augustus 2023, spreker Dr Thelma Laubscher. Navrae/ besprekings: Willem Nortjé 082567332 wrnortje@gmail.com